



**'N ENKELE AANRAKING VAN GELOOF**

📖 *"… Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het."* Lukas 8:46

Soms lyk geloof nie soos 'n dapper uitroep nie, maar soos 'n fluistering. Soms is dit nie 'n triomfantelike stap nie, maar 'n kruip deur die skare; moeg, oorweldig en amper onsigbaar. Die vrou in Lukas 8 het geen waarborg gehad dat Jesus haar sou raaksien nie. Sy het geen belofte gehad dat sy Sy aandag sou kry nie. Sy het net geweet: *"As ek net aan Hom kan raak… net aan die soom van Sy kleed… dít sal genoeg wees."*

Haar geloof het nie op die tromme van selfvertroue geklop nie; dit was eerder die sagte klop van 'n hart wat nog nie opgegee het nie. Stil, amper onsigbaar, maar diep gewortel in oortuiging. Sy het haar hoop nie geanker in haar pyn nie, maar in die krag wat sy geweet het uit Hom vloei. En daardie eenvoudige aanraking, onopsigtelik vir die wêreld, was genoeg om nie net haar liggaam nie, maar die hele storie van haar bestaan te verander.

Miskien is jy vandag soos daardie vrou; jare lank stil gebloei agter glimlagte, gemis deur die gejaagde wêreld, jou pyn soos 'n geheime stroom wat niemand sien nie. En dalk is jy moeg. Moeg van vrae sonder antwoorde, moeg van hoop wat vervaag het soos oggendmis.

Maar iewers diep hier binne-in jou hoor jy iets: Voetstappe… nie van die menigtes nie, maar van Een. Iemand wat nie net verbygaan nie, maar naby kom. En jy weet sonder twyfel: By Hóm moet ek uitkom.

So beweeg jy. Miskien kruip jy. Miskien huil jy terwyl jy dit doen. En dan raak jy Hom aan… net die soom van Sy kleed. Maar dis genoeg. Want Hy gaan staan stil. Die wêreld skarrel voort, maar Hy draai om — na jou. Net jy en Hy. Asof jy nooit onsigbaar was nie. Asof Hy die hele dag net vir jou daar was. En in daardie oomblik verander jou hele lewe...

💭 **Nadenke:** Het jy die moed om jou hand uit te steek na Sy soom?